

20 Junie 2021

# Tuisblad



## 1 Samuel 17:1-49

### Dawid en Goliat (Nie alle superhelde lyk dieselfde nie)

Van watter superhelde of TV karakters hou julle? Vra ook vir die ouer persone in jou familie watter superhelde in hulle kinderdae gewild was. Hoe lyk elkeen van hierdie karakters en wat is hulle “super powers” of sterkpunte?

Sondag, 20 Junie is Vadersdag, maar nie almal in Suid-Afrika het ’n pa wat betrokke is by hulle lewe nie, en almal is ook nie noodwendig ’n goeie rolmodel nie. Alle pa’s is ook nie dieselfde nie – almal is nie noodwendig “sterk” of doen dieselfde take in die huis nie. Hulle het verskillende sterkpunte. Maar op Vadersdag kan ons alle pa’s EN manspersone wat ’n “superhero” is in ons kinders se lewens vier en bedank, hetsy pa’s, stiefpa’s, broers, ooms, oupas, onderwysers, kategete, familie en vriende.

Die Bybelverhaal van vandag vertel ook van ’n “superhero” wat nie tipies was nie - hy was nie die sterkste of die grootste nie, maar hy het oorwin, want God het hom gebruik.

**Lees: 1 Samuel 17: 1-11, 17-23, 31-50**

### Gesels:

- Watter probleme in jou lewe is so groot soos Goliat waaroor jy bekommerd of bang is?
- Hoe laat dit jou voel om te weet God kan die onmoontlike doen?
- Jy kan ook soos Dawid ’n superheld wees. Vertel van ’n keer toe God jou gebruik het om iemand te help.
- Vertel van die mense in jou lewe wat jou help of ondersteun en dus ook onverwagse “superhelde” is.

**Bid:** Dit is Sondag, 20 Junie Vadersdag. Maak ’n lysie van al die pa-figure of “superhelde” in julle lewens wat vir jou/julle omgee – pa’s, broers, ooms, onderwysers, kategete, familie en vriende. Sê nou vir God dankie vir hulle.

**Doen:** Maak ’n kaartjie, stuur ’n WhatsApp of bel elkeen van die mense wat julle hierbo gelys het om vir hulle dankie te sê.

Luister hierdie week na nog oordenkings oor Dawid se lewe, op die **DinkJeug Familie App**.

### Laai die app af by:

Google Play: <https://play.google.com/store/apps/details?id=com.dinkjeug.dinkjeugapp&hl=en>

Apple iStore: <https://apps.apple.com/za/app/dinkjeug-families/id1504077715>

Vir meer hulpmiddels om jou hele bediening weekliks met dieselfde teksgedeelte te bely, besoek NOUS by [www.nous.org.za](http://www.nous.org.za) of epos na [navrae@nous.org.za](mailto:navrae@nous.org.za)